

van krag to KRAG



Sag 3:1

Die engel het Jesua die hoëpriester vir my gewys. Hy het voor die engel van die Here gestaan. Die Satan het regs van die engel gestaan, besig om Jesua van baie dinge aan te kla.

Sag 3:3

Jesua het vuil klerre aangehad soos hy daar voor die engel gestaan het.

Ef 2:10

Want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons verhouding met Jesus so gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het kan uitlewe.

Sag 3:3

Jesua het vuil klerre aangehad soos hy daar voor die engel gestaan het.

Ef 2:10

Want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons verhouding met Jesus so gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het kan uitlewe.

Sag 3:3

Jesua het vuil klerre aangehad soos hy daar voor die engel gestaan het.

Ef 2:10

Want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons verhouding met Jesus so gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het kan uitlewe.

outoriteit

Sag 6:11-13

¹¹ Aanvaar hulle geskenke en maak 'n kroon van silwer en goud. Sit die kroon dan op die kop van Jesua, die seun van Josadak, die hoëpriester. ¹² Vertel hom wat die Here die Almagtige sê: Hier is die man met die naam Loot. Hy sal uitspruit van waar hy is en die tempel van die Here bou. ¹³ Hy sal die Here se tempel bou en met eer bekleed word. Van sy troon af sal hy as koning heers. Hy sal ook vanaf sy troon as priester dien en daar sal vrede en harmonie tussen hulle twee wees.

outoriteit

Op 1:5-6

⁵ en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed ⁶ en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!
Amen.

wat van die aantuigings?

Sag 3:1-4

¹ Die engel het Jesua die hoëpriester vir my gewys. Hy het voor die engel van die Here gestaan. Die Satan het regs van die engel gestaan, besig om Jesua van baie dinge aan te kla. ² Die Here het vir Satan gesê: “Ek, die Here, verwerp jou aanklagte, Satan. Die Here wat Jerusalem gekies het, bestraf jou. Hierdie man is soos ‘n brandende stuk hout wat uit vuur gered is.” ³ Jesua het vuil klere...

wat van die aantuigings?

... aangehad soos hy daar voor die engel gestaan het. ⁴ Die engel het vir die ander wat daar staan, gesê: “Trek sy vuil klere uit.” Vir Jesua het hy gesê: “Sien jy, ek het jou sonde van jou weggeneem en ek gee nou vir jou nuwe en skoon klere.”

wie is ek?

Gal 3:26, 27, 29

²⁶ Julle is almal God se kinders deur dat julle in Christus Jesus glo. ²⁷ Almal wat deur die doop met Christus één geword het, se lewe word nou heeltemaal deur Christus bepaal... ²⁹ Verder, omdat julle aan Christus behoort, is julle die nageslag van Abraham en dus erfgename van die belofte.

wie is ek?

Rom 8:15b-17

¹⁵ ...Julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus.

wie is ek?

Rom 8:29-30

²⁹ Want God het hulle reeds vooruit geken, en Hy het hulle aangewys om soos sy Seun te word. Op hierdie manier sal Christus Jesus die oudste seun wees, omring deur baie broers en susters. ³⁰ Dié wat Hy vooruit aangewys het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, aan hulle sal Hy beslis heerlijkheid gee.

ek is...

Ek is 'n kind van God die Vader wat as 'n broer of suster in verhouding staan met Jesus, Sy Seun, die Eersgeborene, Hoëpriester van my as priester, Koning van my as koning. Ek is erfgenaam saam met Jesus wat my vrygekoop het, skoongemaak het, en regverdig verklaar het met Sy bloed. Ek gaan saam met Jesus verheerlik word.

Rom 8:31-37

³¹ Wat sal ons dan van al hierdie wonderlike dinge sê? As God aan ons kant is, wie kan ooit téén ons wees? ³² As God werklikwaar nie sy eie Seun gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal aan die dood oorgegee het, is daar tog geen manier waarop Hy nie ook alle ander goeie dinge aan ons sal skenk nie. ³³ Wie sal dit waag om ons aan te kla as God ons spesiaal uitgekies het? God is immers die Een wat ons vryspreek. ³⁴ Wie sal ons veroordeel? Christus Jesus is tog die Een wat vir ons gesterf het, wat boonop opgestaan

Rom 8:31-37

het, wat op die ereplek langs God sit en wat daar vir ons pleit. ³⁵ Kan enigiets ons ooit van Christus se liefde skei? Sal dinge soos lyding of benoudheid of vervolging, honger of koue, of gevaar of doodsdreiging dit regkry? ³⁶ Selfs die Skrif verklaar tog: “Om u ontwil bedreig die dood ons die hele dag en word ons as slagskape beskou.” ³⁷ Tog is ons ten spyte van al hierdie dinge besig om ‘n super oorwinning te behaal – oorwinnaars deur Christus wat Sy liefde vir ons so duidelik aan ons bewys het.

ek is...

Ek is 'n kind van God die Vader wat as 'n broer of suster in verhouding staan met Jesus, Sy Seun, die Eersgeborene, Hoëpriester van my as priester, Koning van my as koning. Ek is erfgenaam saam met Jesus wat my vrygekoop het, skoongemaak het, en regverdig verklaar het met Sy bloed. Ek gaan saam met Jesus verheerlik word. God is vir my! Wie kan dus teen my wees? Wie kan dus my aankla? Wie kan dus my teenstaan?